# Pellissier

## AFKONDIGINGS

PELLISSIER GEMEENTE BEDIEN OMGEE,
AL KOS DIT ONS, SODAT ALMAL
GOD KAN BELEEF OP MANIERE
WAT ONS LAAT GROEI.

# SONDAE
# IN PELLISSIER

| Sondag 19 Oktober 2025 | |
|---|---|
| 08:00 & 09:30<br>Tema: | Francois Lamprecht (GESINSDIENS)<br>Loof Jesus |
| 08:00 & 09:30 | Alle kinders woon die Gesinsdiens saam met hul ouers by. |
| 09:00<br>Tema | Peter Howe (Engels - Slegs digitaal)<br>Unknown yet known |
| 09:30 | Pienkvoetjies: 0 – 3jr (Onder die gallery) |
| 17:15 | Oppad & JonkSaam (Gr. 7 – Gr. 11) |
| 18:30<br>Tema: | Jong Erediens<br>Vertrou |

| Sondag 26 Oktober 2025 | |
|---|---|
| 08:00 & 09:30 | Charles James (NAGMAAL) |
| 08:00 & 09:30 | Kleurkabouters: 4 – 6jr (Keldersaal)<br>POPPEKAS<br>Koers & Kompas (Gr. 1 – 6) woon die Nagmaalsdiens saam met hulle ouers by. |
| 09:00 | Peter Howe (Engels - Slegs digitaal) |
| 09:30 | Pienkvoetjies: 0 – 3jr (Kapel) |
| 17:15 | Oppad & Jonksaam (Gr. 7 – Gr. 11) |
| 18:30 | Jong Erediens (NAGMAAL) |

# SEISOEN VAN *Dankbaarheid*



Gelowiges het nog altyd geweet dat dankbaarheid nie net in woorde uitgedruk word nie, maar in dade. In die Bybel sien ons dit telkens: waar God voorsien, antwoord sy mense met ‘n offer van dank. Van die eerste Israeliete se oesfees tot die eerste Christelike gemeentes se bydraes vir mekaar – dankoffers was nog altyd ‘n teken van geloof, vertroue en dankbaarheid.

By Pellissier Gemeente leef ons hierdie ritme voort deur ons **Seisoen van Dankbaarheid**, wat elke jaar van **Oktober tot Desember** plaasvind. Dis ‘n besondere tyd waarin ons uit dankbaarheid vir God se sorg en seëninge, **bo en behalwe ons gewone bydraes,** gee. Soos in tye van ouds is dit ‘n “oesfees van geloof” omdat ons erken dat alles wat ons het van Hom kom.

Elke rand wat in hierdie tyd gegee word, maak ‘n werklike verskil: dit dryf bedienings, dra by tot gemeenskapsprojekte, ondersteun ons jeug- en uitreikbediening en help dat ons kerk ‘n ligpunt in Bloemfontein bly. Belangriker nog – dit vorm ons harte. Wanneer ons gee, word ons herinner dat dankbaarheid nie ‘n gevoel is wat wag op omstandighede nie, maar ‘n keuse is om met oop hande te leef.

Ons nooi jou uit om hierdie jaar weer deel te wees van die Seisoen van Dankbaarheid. Bid daaroor, dink aan die goedheid van God in jou lewe, en gee met ‘n blye hart. Laat ons saam getuig met lewens wat sê: **“Alles wat ek het, behoort aan die Here.”**

Om by te dra kan jy hier kliek: https://www.ngkerkpellissier.co.za/bydrae


SEISOEN VAN
# DANKBAARHEID

Ons dankbaarheidsoffer word vanaf Oktober tot Desember ingesamel.

Hierdie is 'n eenmalige bydrae wat ons bo en behalwe die maandelikse bydrae gee.

Baie dankie vir die bydraes wat tot op hede ontvang is!

**Begroot**
**R2 272 393**












# Kosmandjie-bediening

Baie dankie vir elke skenking, groot of klein wat ons ontvang. Elke skenking wat ons ontvang verseker die volhoubaarheid van hierdie belangrike bediening.

Baie dankie ook vir elke kontantskenking.Daarmee koop ons vars produkte wat ons insluit by die kospakkies.

Jy is ook welkom om 'n kartonhouer in die voorportaal te neem waarin daar 'n lys van benodigdhede is.

## KALENDER 2026

**Maak asb. in die toekoms gebruik van ons elektroniese kalender op ons gemeente se app/webblad.**

**Indien jy graag steeds 'n gedrukte kalender wil ontvang kan jy dit by die kerkkantoor bestel voor 31 Oktober of kliek op die volgende skakel.**

https://forms.gle/fouxZ9ifYe4K2hXu9

**Ons kontak jou sodra dit beskikbaar is.**




**Indien jy die kostes wil help borg van die kalender, bied ons vir jou 'n geleentheid om te adverteer op sosiale media en die kalender self @ R500. Kontak asb. die kerkkantoor indien jy belangstel.**

Pellissier Gemeente

Kamp Groep

# KAMP te TUFF TOP

Elke gesin sorg vir hulself vir die naweek.
Braai Saterdagaand.
Diens Sondagoggend.

**Naweek van 24 Oktober 2025**

Koste per nag:
R120 per volwassene
R70 per kind

**Bevestig op die WhatsApp "poll" wie saamgaan of kontak Lindrie by 076 513 0430 indien jy wil deel word van die groep.**







https://forms.gle/cExVQMy8Pv3agmaw6









## POSBUS BY DIE KERKKANTOOR

**Indien jy graag jou dankoffer koevert of enige ander korrespondensie buite kantoor-ure by die kerkkantoor wil ingee, is jy meer as welkom om dit in die kluis-posbus by die kerkkantoor se ingang te pos.**



# DADS TALK




## 7 - 8 November 2025

**Pellissier Gemeente**
Vlakfontein straat, Bloemfontein

COST

**R100**
Sluit boek in.
*Bring jou eie pieknikgoed.*

Inbetalings by kerkkantoor
**Verwysing**: DT & jou naam

**Skedule**
Vrydag 7 Nov
18:00 - 21:00
Saterdag 8 Nov
08:00 - 15:00

Aangebied in **Afrikaans**







RSVP

**Kontak:**
Andre
0844402569

# THE MOTHER DESIGN




# 7 - 8 November 2025

**Pellissier Gemeente**
Vlakfontein straat, Bloemfontein

**R100**
Sluit boek in.
*Bring jou eie piekniekgoed.*

Inbetalings by kerkkantoor
**Verwysing**: MD & jou naam

**Skedule**
Vrydag 7 Nov
18:00 - 21:00
Saterdag 8 Nov
08:00 - 15:00

Aangebied in **Afrikaans**





**Kontak:**
Karin
0721580225




Pellissier
Gemeente

## BAIE WELKOM AAN DIE VOLGENDE NUWE LIDMATE:

**Rudi van Niekerk en**
**Stephne Theron.**

### Ons sien uit om saam met julle te dien!

Indien jy deel wil word van ons gemeente, kan jy die gemeente app of webblad gebruik om die nuwe lidmaatvorm te voltooi.
Alternatiewelik kan die kerkkantoor geskakel word by 051 4224 010.






# ALGEMENE INLIGTING

## Ons voltydse Bedieningspan




**Francois Lamprecht, Charles James, Nelmari Snyman, Rikus Hattingh & Deon Langenhoven**

**Kantoorure: 08:00 - 12:30**
**Tel: 0514224010**
**e-pos: ngk@ngkerkpellissier.co.za**

Bankbesonderhede:
ABSA - Brandwagtak
Tjekrekening: 1570 580 384
Takkode: 334 334

**SNAPSCAN QR-KODE**

**ZAPPER QR-KODE**

## PELLISSIER APP

Eenvoudige toegang tot Pellissier Gemeente, in jou sak.

Ons wil graag deeglik en effektief met jou kan kommunikeer. Ons gebruik veral ons "Pellissier Gemeente" app daarvoor.

**Kry die volgende daarop:**
- Gebedsversoeke
- Nuutste Leraars gesels
- Afkondigings
- Omgeegroep materiaal
- Al die kategese materiaal
- Die gemeente kalender
- Daaglikse Ritmes van Maandag tot Vrydag
- Enige belangrike nuus vir die groepe en aksies waarin jy belangstel
- Kyk ons erediens uitsending Live op die app
- Erediens tye